Nuusflits

Oktober 2026

LA RETIREMENT FUND
Voorheen bekend as die
Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds
Verseker jou aftrede

’N GROOT OORWINNING VIR VRYHEID VAN KEUSE TEN OPSIGTE VAN AFTREEFONDSE!



SALGBC Kollektiewe Ooreenkoms vir Aftreefondse – finale opdatering

Beste Belanghebbende

Dit is vir ons baie verblydend om goeie nuus met lede van munisipale aftreefondse te deel.

In vorige kommunikasie het ons aangedui dat die Hoër Hof bevestig het dat bepalings van die Kollektiewe Ooreenkoms onafdwingbaar is en dat die Hoogste Appèlhof die hele Kollektiewe Ooreenkoms ter syde gestel het.

Op 29 September 2026 het die Konstitusionele Hof verlof tot appèl teen die uitspraak van die Hoogste Appèlhof met betrekking tot die Kollektiewe Ooreenkoms vir Aftreefondse van die Bedingingsraad vir Suid-Afrikaanse Plaaslike Owerhede (SALGBC) geweier.

Wat beteken dit?

Die uitspraak van die Hoogste Appèlhof bly van krag. Geen aftreefondse in die plaaslike owerheidsektor hoef geakkrediteer te wees om in dié sektor te funksioneer nie, en geen fonds mag uitgesluit word op grond daarvan dat dit nie geakkrediteer is nie. Dit beteken dat nuwe munisipale werknemers steeds ’n keuse het uit die plaaslike owerheidsaftreefondse wat tot hul beskikking is. Dit is ’n betekenisvolle oorwinning vir die plaaslike owerheidsaftreefondsbedryf en, bowenal, vir munisipale werknemers en hul vryheid van keuse.

Die LA Retirement Fund bly oop vir kwalifiserende nuwe lede en gaan voort om as ’n **fonds van keuse** binne die plaaslike owerheidsektor te funksioneer.

Groete

Ilse Hartlief
Hoofbeampte

Trustees: Mnr A du Plessis (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit | Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdh WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdh S Philander
Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530
WhatsApp 076 073 0997 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | https://www.facebook.com/LARetirementFund | Fondsregistrasienommer 12/8/1278